

Die verrassing van die eerste woord in die “Onse Vader”

Ons is geneig om te versamel en elkeen vir homself materiële dinge bymekaar te maak soveel as wat ons kan. Ons word van kleinsaf geleer om vir die toekoms voorsiening te maak. Hierdie manier van doen is op sigself nie verkeerd nie, maar lei in baie gevalle tot 'n oormatige selfgerigtheid.

In die grondwet van die Koninkryk van God (die Bergrede) vind ons 'n ander stel beginsels, veral as Christus ons leer hoe om te bid. Die geheim van die ware gebed is dat ek my van myself kan losmaak, losmaak van die eie-ek, en dat ek bo myself kan uitstyg. Dit is die groot verrassing wat Jesus ons met die eerste woord, “ons”, in die volmaakte gebed, die “Onse Vader”, leer.

Die voorbeelde van die Fariseërs se gebede was dat dit rondom hulleself gedraai het. Hulle wou God oortuig hoe goed en wonderlik hulle Hom dien. In die “Onse Vader” breek die ware gebed deur die sirkel van my selfdink en my selfgesentreerdheid.

Hierdie gedagte neem ons nog verder. Ons kan nie God vir onself annekseer nie. Hy is nie my eiendom nie, ons is sy eiendom. Hy het ons gekoop, losgekoop deur Jesus Christus. Hy is nie net my God nie, maar ons God en ons Vader. Eers wanneer ek dit besef, kry ek skaam dat ek so min sy Naam verkondig aan ander mense, so min oor Hom getuig. Ek moet Hom met ander mense deel. Ek mag Hom nie vir myself hou nie. Dit gaan nie oor *my* en *ek* nie, maar oor *ons* wat Hom elke dag moet verheerlik.

Met wie gaan u vandag hierdie evangelie (blye boodskap) deel?

Sing: Psalm 138-1:1

Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)